2 Maart
2025

Rom. 12: 2

# Polsslag



## Gereformeerde Kerk Benoni

**Adres**

24b Miles Sharpstraat, Rynfield, Benoni, 1514

**Kerkkantoor ure**

Maandag – Vrydag: 09:00 – 16:30

**Predikant**

Ds. Rynhardt Pretorius
074 944 7769

**Pastorale berader**

Ds. Louis Buys
082 927 2034

**Kontakbesonderhede:**

Kerkkantoor:
011 849 2054
063 640 9304

admin@gkbenoni.co.za

www.gkbenoni.co.za

**Kontak ons gerus by die kerkkantoor vir enige navrae, versoeke vir huisbesoeke en/ of siekebesoeke.**

KOM MAAK GERUS 'N DRAAI BY DIE KERKKANTOOR TUSSEN 9:00 EN 16:00 VAN DINSDAE TOT VRYDAE

# As jy vir twee dinge moet bid...

## Stephan Joubert

'Net twee dinge vra ek van U; moet my dit tog nie weier nie; daarna kan ek sterf: moenie toelaat dat ek vals is en lieg nie; moet my nie arm maak of ryk nie, gee my net die kos wat ek nodig het, sodat ek nie te veel het en U verloën en sê: "Wie is die Here?" nie, en sodat ek nie arm word en steel en my God se Naam oneer aandoen nie. '

**SPREUKE 30:7-9**

Spreuke 30:7-9 bevat een van die min gebede in die boek Spreuke. Die Spreukeskrywer bid net vir twee dinge. Die eerste een is opregtheid. Hy weet God kan leuens en onwaarhede nie uitstaan nie. Of valsheid nie. Tweedens bid hy ook vir 'n doodgewone lewe- hy wil nie te arm of te ryk wees nie. Die rede: rykes steun graag op hulle rykdom. Hulle het niks of niemand nodig nie, ook nie vir God nie.

Daarom verloën party van hulle die Here. Armes, daarteenoor, kry dikwels so swaar dat hulle harte hard word. Hulle gee op en begin steel. Dan doen hulle God se Naam oneer aan.

Om te bid soos wat die Spreukeskrywer bid, is dapper, want meeste mense wil ryk wees. Almal dink geld is sinoniem met geluk. Almal dink dit gaan hulle lewe lekker en maklik maak. Maar die beste gebed om te bid, is soos wat Jesus ons leer: "Gee ons vandag ons daaglikse brood."

As die Here dit vir ons gee, het ons meer as genoeg. Wanneer Hy ons goeie Herder is, dan is ons veilig. Dan word ons goed versorg. Dan kort ons niks meer in die lewe nie.

**Buitedeur kollekte vandag:**

**Dankbaarheidsfonds**

Snap here to pay

**SKAKEL**

**Kollektes 23 Februarie**

**Diens van barmhartigheid R 5 341**
**Snapscan: R4 270.52**

**Bybelgenootskap R2 236**
**Snapscan: R601.19**

## Kerkkas:

**Bank**: ABSA
**Rekening**: Gereformeerde Kerk Benoni
**Tjekrekening**: 220 340 333
**Verwysing**: Volle Naam, Van & Doel

**Bankbesonderhede: Diens van barmhartigheid:**

**Bank**: ABSA
**Rekening**: Diakonie Gereformeerde Kerk Benoni
**Tjekrekening**: 022 028 0004
**Takkode:** 632005
**Verwysing**: Diens van Barmhartigheid

**DIENS VAN BARMHARTIGHEID:**

Snap here to donate

**SKAKEL**




'Die elf dissipels het na Galilea toe gegaan na die berg waarheen Jesus hulle beveel het om te gaan. Toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid, hoewel party getwyfel het. Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."'

MATTEUS 28:16-20

**KINDERS, ONTHOU OM 'N BLAADJIE TE VAT OM IN TE VUL TYDENS DIE DIENS**




Ons leer uit Bybelse gebede hoe om in gebedsdiepte te groei…

- Gebed is om te kniel voor ons Koning-Vader;
- Ons bid dat Hy ons krag sal gee – **dinamies** om sy wil uit te voer;
- Ons bid dat ons sal verstaan dat **sy krag** nooit te klein is nie, en dat Hy aan ons krag sal gee in lyn met sy almag, sodat ons groot dinge sal kan doen;
- Ons bid dat **God se Gees** kragtig in ons sal werk – dat ons deurentyd hoopvol en vreesloos sal wees, gevul met Sy Gees;
- Ons bid dat ons **innerlike mens** hierdie krag sal kry – sodat ons werklik ten goede sal verander;
- En ons bid dat **ons in Christus en Christus in ons** sal woon – wat beteken: liefde, liefde, liefde! **Liefde** in ons elke dag se bestaan!

## VERJAARSDAE HIERDIE WEEK

**2 Maart**
Nickel du Plessis

**3 Maart**
Joey van Wyk
Lizél Venter

**4 Maart**
Melanie Greyvensteyn
Daan Krugel *
Frikkie Steyn
Johan van Eeden

**6 Maart**
Karin Koch
Hein van Tonder

**7 Maart**
Reese Colyn #

***Dooplidmaat #***
***≥70 * ≥80 ****
***≥90 *****

**MAG DIE HERE JULLE RYKLIK SEËN EN BEWAAR IN DIE KOMENDE LEWENSJAAR!**

## KOINONIA

- Nettie Jansen het Donderdag inmekaargesak vanweë ‘n hartstilstand en is op ‘n ventilator in ICU.
- Tarina van der Merwe se dokter is tevrede met haar vordering na die behandeling. Sy gaan einde Maart weer ‘n ondersoek.







**Registreer hier op die elektroniese vorm: https://forms.gle/aakFdhrWK5ZzK2Ff9**


### 3 Finansiële bene van die Gemeente

**Diakonalekas**
- Rooi sakkie in die banke
- EFT
- Snapscan
- Besigheidskenkings

**Kerkkas**
- Debiet order
- EFT
- Snapscan
- Beleggings / Verhuring

**Projekte – Kerk & Kerkverband**
- Groen sakkie by deur
- EFT
- Fondsinsamelings

*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose!*




Bid saam dat die klein **Libiese Kerk** verenig en gevestig sal word ten spyte van intense vervolging. *Filippense 2:15b "Tree onder hulle op as ligdraers in die wêreld 16 deur die woord van die lewe uit te dra"*









## Help Us Build a Gym for Our Hostel Learners!

*Due to ongoing construction, our learners have limited access to sports activities. We're exited to open a gym to keep them active and healthy, but we need your support! Any gym equipment you no longer use would make a difference. For the girls, we've received some yoga mats, exercise balls, and jumping ropes, but could use more.*

*Suggestions:*

*Exercise balls, skipping ropes, small hand weights, resistance bands, Exercise trampoline; stair climber; stationary bike, Chest press, machine, leg curl, balance board, yoga mat.*

*Your donation-big or small- will be greatly appreciated. Thank you for helping us promote physical wellness for our learners!*

*Contact: Chriska (084 666 6808) or Christi (063 005 4923) or Noeleen (082 337 1479)*

***Dr W.K. du Plessis School***

Ons skool Dr WK Du Plessis is 'n skool vir kinders met leerprobleme. Hulle bou tans ons skool oor, en ons is in tydelike klasse op 'n tydelike terrein met baie minder spasie en geen sport-geriewe. Ons het kinders in die koshuis (Van GR 1 tot GR 12). As iemand dalk oefen toerusting wat nie meer gebruik word nie, kontak ons asb.

# LEER KEN JOU MEDE LIDMATE

## Herman & Julie van Niekerk

Dagsê ons nuwe kerkfamilie!



Ek sê 'nuwe', want ons het eers 2024 by julle aangesluit vanaf die NG gemeente Benoni Oos. Ons is Herman en Julie. Na ons paaie in Pretoria gekruis het, is ons op 28 Januarie 1967 in Sinoville Pretoria getroud. Julie is 'n boorling van Linden, Johannesburg en ek 'n boorling uit die Noord Kaap, Barkley-Wes omgewing.

Ons het twee seuns, Sean en Juan. Sean en Tanya het twee dogters, Anzel en Anandre en 'n seun, Armand. Juan en Kelly het 'n dogter, Juanita.

Voor ons aftrede het ek die laaste 28 jaar by 'n vervaardigings maatskappy gewerk as Kredietbestuurder en Julie se laaste 36 jaar was by 'n groothandels-maatskappy as Batebestuurder.





Ons is baie lief vir die buitelewe en reis graag. Ons was geseënd om te begin met *backpacking* en het al verskeie staproetes gestap. Van die roetes soos die Visrivier in Namibië meer as een maal. Toe dit te vermoeiend raak, skaf ons 'n 4x4 aan, monteer 'n daktent en reis deur Namibië, Botswana, Mosambiek, Malawi en Zambië.

Huidiglik hou ons vakansie met die karavaan en benut ons tyddeel opsies.

Laastens wil ons sê ons het onmiddellik tuis gevoel in die gemeente en wil graag almal beter leer ken en deel neem in die aktiwiteite.







## PREEKNOTAS